6 Anerley Road, Parktown, Johannesburg, 2193
P O Box 1089, Houghton, 2041
Tel: +27 (0) 11 644 4200 | Fax: +27 (0) 11 644 4400
info@pps.co.za | www.pps.co.za

**29 Januarie 2024**

Geagte Lid

**KENNISGEWING AAN GEWONE LEDE VAN THE PROFESSIONAL PROVIDENT SOCIETY HOLDINGS TRUST IT 312/2011: NOMINASIES VIR DIE 2024 TRUSTEEVERKIESINGS**

Gewone Lede van The Professional Provident Society Holdings Trust (PPS) word hiermee genooi om nominasies voor te lê vir Trustees vir verkiesing tydens die algemene jaarvergadering om op sy Raad van Trustees te dien (Raad).

**BELANGRIK: Samestelling van die Raad – Verkose lede**

1. Ingevolge die trustakte van PPS (die Trustakte), is die Gewone Lede van PPS geregtig om tien Trustees te verkies, wie Gewone Lede van PPS moet wees, om op sy Raad te dien. Ten einde kiesbaar te wees, mag lede nie die ouderdom van 69 jaar bereik het op datum van die verkiesing nie. Die Trustakte is beskikbaar by www.pps.co.za.
2. The Trustakte bepaal dat die verkose Trustees op 'n rotasiegrondslag tydens die algemene jaarvergaderings van PPS aftree, maar vir herverkiesing mag staan.
3. Drie van die huidige Trustees sal op rotasiegrondslag aftree en is herkiesbaar. Dienooreenkomstig sal Gewone Lede daarop geregtig wees om Trustees te verkies vanuit die Trustees wat hulle vir herverkiesing beskikbaar gestel het asook enige nuwe genomineerdes soos deur die PPS Raad goedgekeur is.
4. Indien u, benewens die Trustrees wat vir herverkiesing staan, 'n individu wil nomineer vir verkiesing tydens die algemene jaarvergadering wat geskeduleer is om op 6 Mei 2024 plaas te vind, moet u asseblief die volgende dokumentasie wat hierdie brief vergesel **voltooi en dit vir die aandag van die PPS Sekretaris, per e-pos teruggestuur aan companysecretary@pps.co.za, of per faks aan 011 644 4641, of per pos aan Posbus 1089, Houghton, 2041, of per hand aflewer by Anerleyweg 6, Parktown, ten einde hom voor of op 29 Februarie 2024 te bereik:**
   4.1 **Nominasievorm** – Nominasies moet deur twee Gewone Lede van PPS geskied. Die vorm moet deur die twee Gewone Lede wie 'n Gewone Lid vir verkiesing op die Raad nomineer, asook die Gewone Lid wie genomineer word, voltooi en onderteken word, waardeur die kandidaat bevestig dat hy/sy toestem tot die nominasie en aanstelling op die Raad indien hy/sy verkies word;

**THE PROFESSIONAL PROVIDENT SOCIETY HOLDINGS TRUST (REG NO. IT 312/2011)**
Trustees: Dr S N E Seoka (Chairman), Dr C M Krüger (Deputy Chairman), Dr A Coetzee, Mr A H de Vries, Ms D L T Dondur, Mr J A B Downie, Dr D P du Plessis, Mr C Erasmus, Adv L C Haupt SC, Dr N H P Khosa, Mr I Kotzé, Dr F Mansoor, Dr R E Ngwenya, Dr B R Ntshabele, Dr R Perumal, Dr R Putter, Mr V P Rimbault, Mr S Trikamjee, Prof H E Wainer.
Group Chief Executive Officer: Mr I J Smit. Group Company Secretary: Mr V E Barnard.

Professional Provident Society Insurance Company Limited is a licensed insurer conducting life insurance business, a licensed controlling company and an authorised FSP.

4.2 **Toestemming en vrywaringsvorm** – Daar word van Genomineerdes vereis om toe te stem tot 'n ondersoek na hulle kriminele- en finansiële agtergrond en kredietrekord, insluitend die neem van vingerafdrukke, op onkoste van PPS. Hierdie vorm moet deur die Genomineerde en twee getuies voltooi en onderteken word;

4.3 **'n Curriculum Vitae** wat die volgende inligting bevat:

4.3.1 Beroep, tersiëre kwalifikasies, enige ander relevante kursusse wat voltooi is en/of direkteurskap/trusteeskap en opleiding wat die Genomineerde gehad het;

4.3.2 Kennis en ervaring van die sakewêreld, korporatiewe bestuur, korporatiewe finansies en rekeningkunde, korporatiewe reg, beleggingsbeginsels, versekeringspraktyk en bestuurskonsepte, ervaring in die finansiële dienste/versekeringsbedryf, direksie-aanstellings gehou, asook ander relevante ervaring wat die Genomineerde as 'n direkteur of trustee mag verkry het.

**Vereistes vir Trusteeskap**

Die Raad is die fokuspunt van PPS se korporatiewe bestuurstoesigstelsel en is oorhoofs verantwoordelik en aanspreeklik vir die leierskap, prestasie en sake van PPS en moet toesien dat PPS die hoogste standaarde van sakegedrag handhaaf. Ten einde hierdie vereistes na behore na te kom, sal die PPS-Groep Nominasiekomitee onder meer die aspekte soos hieronder uiteengesit ten opsigte van elke genomineerde kandidaat oorweeg om te verseker dat hulle aan die statutêre Geskiktheids- en Bevoegheidsvereistes vir aanstelling voldoen en, indien die nominasie deur die Nominasiekomitee aanbeveel word en in die uitsluitlike diskresie van die Raad goedgekeur word, sal die Genomineerde se naam aan die Gewone Lede voorgelê word vir verkiesing as 'n lid van die Raad. By voltooiing van die proses van goedkeuring en kontrolering deur die Nominasiekomitee, sal alle Genomineerdes van die uitslag verwittig word.  Aspekte wat oorweeg word:

- Of die kandidaat ingevolge die Maatskappywet No. 71 van 2008, of die Wet op die Beheer van Trusteiendom No. 57 van 1988 en die Trustakte van PPS Holdings Trust gediskwalifiseer is om as 'n direkteur of trustee op te tree (hierdie vereiste is ingevolge die Trustakte ook op PPS van toepassing);
- Of die kandidaat ingevolge die Wet op Versekering No. 18 van 2017, of enige ander wetgewing, of enige ander reëls of regulasies van die Voorsorgowerheid of die Gedragsowerheid vir die Finansiele Dienstesektor gediskwalifiseer is om as 'n direkteur van 'n versekeringsmaatskappy op te tree en in besonder, of die kandidaat aan die voorgeskrewe Geskiktheids- en Bevoegheidsvereistes voldoen en 'n persoon met integriteit is en wie eerlik, wetsgehoorsaam en nie korrup is nie. Persone wie in die verlede strydig met hierdie standaarde opgetree het, sal nie toegelaat word om as trustees/direkteure aangestel te word of in daardie amp aan te bly nie;
- Of die kandidaat persoonlike en professionele etiese waardes handhaaf;
- Of die kandidaat hom/haar daartoe verbind om pligsgetrou aan sy/haar vertrouensverpligtinge teenoor PPS, die Raad en PPS-lede te voldoen;
- Of die kandidaat oor 'n geskikte verskeidenheid vaardighede en ervaring beskik in die finansiële dienstebedryf van toepassing op die PPS-Groep se aktiwiteite;
- Die bereidwilligheid en beskikbaarheid van die kandidaat om voldoende tyd aan sy/haar aanstelling te wy om die PPS-Groep te leer ken en om sy/haar verantwoordelikhede doeltreffend na te kom;
- Of die kandidaat kennis van die struktuur en aard van die finansiële dienste-/versekeringsbedryf in Suid-Afrika openbaar, of oor unieke kennis en vaardighede beskik wat dié van die huidige raadslede sal komplementeer;
- Of die kandidaat 'n persoon van onberispelike karakter is met insig, toewyding, geloofwaardigheid, vaardigheid en ervaring, wat hom/haar in staat stel om sodanige kennis, vaardighede, objektiwiteit, ervaring en toewyding tot die Raad by te dra, asook om tot die ewewigtigheid van vaardighede en verskeidenheid in die Raad by te dra;
- Of die kandidaat se kennis, opleiding en/of ervaring hom/haar toerus om die strategieë van 'n finansiële dienste besigheid te verstaan, daaroor toesig te hou en daartoe by te dra;

- Of die kandidaat 'n beduidende kontraktuele verhouding, of sake- of ander betrekkinge het wat geag word 'n wesenlike inbreuk mag maak op die kandidaat se vermoë om onafhanklik op te tree;
- **Of die kandidaat vir aanstelling as 'n trustee gediskwalifiseer is as gevolg van enige konflik van belange voortspruitend daaruit dat die kandidaat 'n finansiële adviseur of tussenganger is, of regstreeks of indirek enige amp beklee of belang hou in enige entiteit wat in dieselfde sake-omgewing as die PPS-Groep sake doen, of waar daar potensiaal is vir die ontstaan van sodanige konflikte van belange;**
- Of die kandidaat aan die kriteria van die regulatoriese bedeling ten opsigte van swart ekonomiese bemagtiging en die Handves van die Finansiële Sektor voldoen; en
- Enige ander faktor wat die Nominasiekomitee as gepas beskou.

**Pligte van die Trustees**

Daar word van Genomineerdes vereis om kennis te neem van die besondere pligte en verantwoordelikhede van die Trustees soos in die uittreksel uit die Trustakte hieronder uiteengesit word. Die volledige teks van die Trustakte is op PPS se webwerf by www.pps.co.za beskikbaar:

**"10** PLIGTE VAN TRUSTEES

10.1 Artikels 75 en 76 van die Wet op Maatskappye (maar met uitsluiting van artikel 76(3)(c) van die Wet op Maatskappye, vir die redes soos in 10.2 uiteengesit) sal vir verwysing hierin ingesluit word op die grondslag dat alle verwysings daarin na –

10.1.1 'n direkteur of direkteure geag sal word verwysings na 'n Trustee of Trustees te wees; of

10.1.2 die maatskappy geag sal word verwysings na die Trust te wees;

met die bedoeling dat daardie artikels dienooreenkomstig op die Trustees van toepassing sal wees met betrekking tot die Trust asof die Trust 'n maatskappy was en hulle direkteure van daardie maatskappy was. Dit

10.2 word aangeteken dat artikel 76(3)(c) van die Wet op Maatskappye –

10.2.1 die plig van sorgsaamheid, vaardigheid en nougesetheid van 'n direkteur van 'n maatskappy uiteensit; e n

10.2.2 van die pligte van Trustees waarna in 10.1 verwys word uitgesluit is, aangesien artikel 9 van die Wet op Beheer van Trusteiendom bepaal dat –

10.2.2.1 elke Trustee in die uitvoering van sy pligte en die uitoefening van sy magte met die sorgsaamheid, nougesetheid en vaardigheid wat geredelikerwys van 'n persoon wat na die sake van 'n ander omsien verwag kan word, sal optree; en

10.2.2.2 hierdie Trustakte mag nie 'n Trustee kwytskel van die vereistes waarna in 10.2.2.1 verwys word nie.

Die uwe

**V E BARNARD**
**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**
**THE PROFESSIONAL PROVIDENT SOCIETY HOLDINGS TRUST**